

# Die Voortrekkers Transvaal

## VLOTVAART 2021

### (Lees hiermee saam die Covid-19 reëlings)

**KOM ROEI, KUIER, ONDERSTEUN EN GENIET DIE VLOTVAART SAAM MET ONS!!!**



Die Vlotvaart vind vanjaar vanaf 18:00 op **Saterdag 16 Oktober 2021** tot 24:00??, Saterdag te **BAJADAM-OORD** op die **Bronkhorstspuitdam** plaas. Staanplekke word vir elke kommando/oord/vlot toegeken. Elke kommando/ oord/vlot moet vir sy eie Gazebo's/tente sorg. Daar is baie spasie vir tente, kuier en vlotbou. Daar is ook 'n braaiplek by elke staanplek. Daar is toegang tot krag, maar lang verlengkoorde en ('blou'-karavaan) koppelstukke sal nodig wees.

- **Afdelings:** Deelnemers word in die volgende afdelings geklassifiseer:

#### Standaard vlotte

Roeimeesters - Graad 8 en 9 [Gr 6 & 7's mag saam met hulle roei.]  
Spaanbrekers - Graad 10, 11 en 12  
Gemengde Span – Enige ouderdomsgroep

Trofeë:

1. Wenners word in elke kategorie aangewys
2. Meeste roeibene
3. Vinnigste gemiddelde roeityd
4. Oord met die meeste punte
5. Kommando met die meeste punte
6. Vlot met die meeste punte – algehele wenner

#### Gemodifiseerde vlotte

Enige ouderdomsgroep

Gemodifiseerde vlotte neem nie aan die algehele kompetisie deel nie – slegs in 'n eie unieke afdeling, met die enigste trofee:

1. Vlot met die meeste punte

Roeimeesters- en Spaanbrekers-spanne bestaan uit 6 kinders en 1 volwasse persoon. Gemengde Spanne en Gemodifiseerde Vlot-spanne uit 7 persone bestaan waarvan ten minste 1 'n volwassene móét wees.

- **Inskrywings:** Gebruik die inskrywingsvorm op die webblad en voltooi dit asseblief **elektronies per Kommando**. Vul slegs vanne, name, en grade in. Maak asseblief seker dat die **korrekte graad** vanaf die "Drop down"-lys by **elke inskrywing** gebruik word. Dis baie

belangrik: ons betaal die oord op 'n glyskaal volgens die grade van die kinders. Die totale bedrag verskuldig deur die Kommando sal outomaties bereken word.

**E-pos** asseblief die inskrywingsvorm na: **koosstofberg@gmail.com**

- **Inskrywingsgelde:** Kinders & Volwasseenes: **R90,00 (Bajadam-oord het toegangsgelde verdriedubbel van vorige jare!)**

**LET WEL:** Vlotvaart het sy eie bankrekening. Inskrywingsgelde is betaalbaar aan: **"Vlotvaart"**, Standardbank, Castle Walk, Takkode: **014645**, Rekeningno: **414559924**. Gebruik asseblief die **"Kommandonaam"** as verwysing. **Alle** betalings word deur die kommando hanteer – géén individuele betalings en inskrywings sal aanvaar word nie.

Skandeer en e-pos 'Bewys van betaling' na **koosstofberg@gmail.com**

- **Toegangsgelde per motor by die hek:** Daar is **géén** toegangsgelde vir motors nie.

- **REDDINGSBAADJIES** IS VERPLIGTEND VIR ALMAL OP 'N VLOT EN MOET DEUR DIE KOMMANDO SELF VOORSIEN WORD.



- Inskrywingsvorme en Vlotvaartreëls, **asook die Covid-19 reëls**, is op die webblad van Die Voortrekkers Transvaal beskikbaar.

- **LET WEL: Meelopers** wat **nie Voortrekkers is nie** se ouers/voogde **móét** die toepaslike vrywaringsvorm, beskikbaar op die web, voltooi en onderteken. **Dit bly die inskrywende kommando se verantwoordelikheid om hierdie vrywaring van die ouers te bekom! Hierdie vorms word by elke kommando gehou.**

- **Snoepie:** Bring geld saam, daar is 'n kafee op die terrein.

- ALLE **TROFEË** WAT IN 2020 TOEGEKEN IS, MOET BY DIE GEBIEDSKANTOOR INGEHANDIG WORD VÓÓR OF OP VRYDAG 08 OKTOBER 2021. DIT KAN OOK SAAMGEBRING WORD NA VANJAAR SE VLOTVAART, MAAR BEVESTIG VOORAF MET Koos Stofberg. ONTHOU OM 'N GEGRAVEERDE NAAMPLAATJIE AAN TE BRING.

- **Sluitingsdatum:** DINSDAG 12 OKTOBER 2021, of sodra maksimum van 500 inskrywings ontvang is.

**NAVRAE:** Koos Stofberg  
082 577 1234 / 012 347 5075  
koosstofberg@gmail.com